

Vrydag 25 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12

Fokusgedeelte: Jakobus 3:1-12

## Die mag en anomalie van ons woorde

### *Die mag*

Die spreekwoord lui: *Die pen is magtiger as die swaard*. Maar die gesproke woord is magtiger, persoonliker, vinniger as die pen ... Met *drie vergelykings* illustreer die apostel Jakobus dit:

- *'n Stang in 'n perd se bek* – Dié klein apparaatjie in haar bek stuur 'n perd se hele lig-gaam. Een onvanpaste opmerking swaai 'n gespreksrigting totaal ...
- *Die roer van 'n skip* – Piepklein in verhouding tot die reuse skip, stuur die roer dit “net waarheen die stuurman wil”. Só lei een skimp tot 'n groot rusie ...
- *Vuur* – 'n Wegholvuur is ontembaar. Selfs voorbrande help nie meer nie. Só word die skade van 'n skinderstorie nie ongedaan gemaak nie.

### *Die anomalie*

Nog vier vergelykings teken die *bedrieglikheid* van ons woorde:

- *Gif* – Soos jy dalk per abuis van die “stroop” uit die gifbotteltjie sou drink, só vergiftig die kritikaster enige positiewe gedagtes.
- *'n Brak fontein* – Aangrypend praat die getroue erediensdeelnemer oor die Here, totdat sy in dieselfde asem begin skinder dat jou ore tuit ...
- *'n Vyeboom met olywe en 'n druiwestok met vye aan* – Vye, olywe en druiwe was simbole van die oorvloed van Kanaän, ideale woonomgewing vir die Hebreërs (Deut. 8:8; 1 Kon. 4:25; Miga 4:4 e.a.). Wat 'n skok as hierdie bome vreemde vrugte sou dra! Só is dit wanneer 'n Christen vloek soos 'n matroos en lieg soos 'n tandetrekker ...

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12

Ds. Johan Botha (Emeritus)